

Aanbiddingsvers:

Soek die HERE, o alle ootmoediges van die land, wat sy ordening onderhou; soek geregtigheid, soek ootmoedigheid – miskien sal julle verborge bly op die dag van die toorn van die HERE. (Sefanja 2:3 AFR1953)

Sing vooraf: 9-2:7 (nuut)

7 Jy mag nie van jou naaste steel nie, / maar wees in wat jy doen, getrou.
Neem nie aan valse dinge deel nie – wees een wat by die waarheid hou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 1:1 (p. 1)

1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 81:15 (p. 413)

15 Ag, as hul maar net / na my raad wou handel, / op my woord wou let!
As hul maar wou hoor, / in die veil'ge spoor / van my wet wou wandel!

Skriflesing: Handeling 20:28vv.

Teks: Handeling 20:32-34; Heidelbergse Kategismus Sondag 42

En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes. Niemand se silwer of goud of klere het ek begeer nie; maar julle weet self dat hierdie hande voorsien het in die behoeftes van my en die wat by my was. (Handeling 20:32-34 AFR1953)

Die lewe het vandag al ontwikkel in 'n fyn tegniek.

- Daarmee saam het ons die sonde ook ontwikkel.
- Ons oortree nie meer die gebooe van God so blatant soos wat dit in die ou tyd was nie, maar ons oortree nogtans, al het ons metode van oortreding meer gesofistikeerd geword.

Die sesde gebod het die lewe van die mens beskerm.

Die sewende het sy huwelik beskerm.

Nou beskerm die agste gebod sy besittings: jy mag nie steel nie.

Die dag toe Samuel sy diens neergelê het, het hy die hele volk bymekaar geroep.

- Hulle moes kom getuig dat hy homself nooit ten koste van enigeen van hulle verryk het nie.
- Hulle moes dus eintlik maar kom getuig dat hy nooit een van hulle besteel het nie.

Dit is ook nie vreemd dat hy dit doen nie, want die geskiedenis van Eli se seuns was nog vars in die geheue van die volk.

- Almal het seker nog onthou wat alles gebeur het as hulle kom offer het en Eli se seuns met die offervleis en offerdiere gewerk het.
- Hulle het offervleis kom vat wat hulle nie toegekom het nie.
- Hulle het dit ook ontydig gevat – hulle het nie hulle vleis kom haal op die tyd wat die Here dit voorgeskryf het nie.

In die voorgelese gedeelte doen Paulus in sy hartroerende afskeidsgroet aan die ouderlinge van Efese presies dieselfde as wat Samuel destyds met die volk gedoen het.

- Dit het hom toegekom dat hy van hulle lewensonderhoud moes ontvang het, maar hy het niks ontvang nie.
- Hy met sy eie hande gewerk en daarmee genoeg verdien dat hy homself en sy hele geselskap onderhou het.
- Daarby het hy ook nog vir die kerk gegee.

Hy het nooit enige geldelike eise aan die gemeente gestel of hulle daarmee beroof nie.

- Hy het homself versorg sodat hy aan hulle 'n voorbeeld kon stel hoe hulle die swakkes onder hulle moet help.
- Dan is dit vir niemand nodig om te steel nie.

Die arbeider is sy loon waardig, leer hy hulle.

- Dit was die gemeente se plig dat hulle hom moes vergoed vir wat hy doen.
- Maar hy wou hulle nie beswaar nie.
- Dis saliger om te gee as om te ontvang.

Wanneer mens die erns sien waarmee die Bybel werk met die besittings van die mens, moet ons sekerlik besin oor wat besittings is.

- Besittings is ongetwyfeld alles wat ons van die Here ontvang.
- Ons kan dit verdeel in
 - materiële besittings en
 - in geestelike besittings, soos gawes en talente, en selfs die besit van geloof en verlossing.
- Die slegte ding is dat dit moontlik is om te steel op al hierdie verskillende gebiede.

Ons gee in hierdie preek aandag aan drie sake:

1. Wat beteken dit om te besit?

2. Hoe verkry ek hierdie besittings van my?

3. Hoe gebruik ek my besittings?

1. Wat beteken dit om te besit?

Dit is merkwaardig dat daar in die Ou Testament meer wette is om die mens se eiendom te beskerm as wat daar is om sy lewe te beskerm!

- Ook nie sonder rede nie! Dit is juis omdat ons besittings 'n gawe is wat ons van die Here ontvang, en dit daarom geregtig is op beskerming.
- Net soos wat ons ons lewe van die Here ontvang, net so ontvang ons ons besittings ook van Hom – daarom val al twee onder die beskermingsreg van die Here.

Die Here Jesus Christus vertel 'n gelykenis van 'n man van hoë geboorte wat aan tien diensknegte elkeen een pond gegee het met die opdrag om daarmee te gaan woeker totdat hy kom (Matteus 25:14 vv en Lukas 19:11 vv).

- By sy terugkeer laat hy die tien slawe kom en eis van elkeen verslag.
- Die eerste een het met een pond tien pond wins gemaak.
- 'n Ander een het sy pond verfyfvoudig.
- Elkeen is beloon volgens die mate wat hy die talende ontwikkel het wat hy ontvang het.

Dit is met ons presies dieselfde.

- Al ons gawes en besittings is as't ware iets wat ons van die Here ontvang om mee te woeker – met ander woorde om dit in sy diens te gebruik.
- Alle besittings wat ons het, is besittings van die Here wat aan ons toevertrou word.
- Dink aan die volgende uitsprake:

Want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan.

(1 Korintiërs 10:26 AFR1953)

Maar as iemand aan julle sê: Dit is afgodsoffer – moet dit dan nie eet nie, ter wille van hom wat dit te kenne gegee het, en ter wille van die gewete – want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan

(1 Korintiërs 10:28 AFR1953)

'n Psalm van Dawid. Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon; (Psalm 24:1 AFR1953)

Dit verklaar ook waarom ons eiendom vir die Here byna net so heilig is soos ons lewe.

- Omdat albei aan Hom behoort.
- Daarom word ons eiendom saam met ons lewe deur die reg van die Here beskerm.

Daar is 'n baie eienaardige verhouding tussen God en ons ten opsigte van eiendom.

- God gee en ons ontvang.
- En wanneer dit God behaag, kan Hy alles weer terugneem, sonder dat ons iets daarvoor te sê het.

Waarom gee die Here aan ons besittings? Tot sy eer.

- Die Here se eerste motief is nie om ons gelukkig en ryk te maak nie.
- Sy eerste motief is dat ons sy goddelike majesteit daarin moet sien dat Hy ons versorg en van besittings voorsien.
- Dit is tot sy verheerliking dat Hy op hierdie wyse sy goedheid aan ons toon.

Die Ou Testament lê swaar klem daarop dat ons ons besittings tot eer van God en tot heil van ons naaste moet aanwend.

- Dit is dus 'n oortreding van hierdie gebod as ons ons besittings vir 'n ander doel aanwend as waarvoor die Here dit bestem.
- Dis diefstal.

Die Here versorg ons op baie maniere.

- Een daarvan is om aan ons die middele te gee om van te lewe – dis onder andere ons besittings.
- Daarom moet dit ook beskerm word – ter wille van ons.
- Daarom het ons 'n verantwoordelikheid teenoor ons besittings – soveel dat die Here my verkwalik as my naaste skade ly, terwyl ek dit kon voorkom.

Dit word my as diefstal gereken as ek nie my naaste se besit met dieselfde verantwoordelikheid beskerm as waarmee ek my eie besittings beskerm nie.

Maar my verantwoordelikheid strek selfs verder as net dit.

- Ek behoort selfs te sorg dat my naaste se besittings groei en ontwikkel.
- Ek moet voortdurend poog om my naaste se belange ook ten opsigte van sy welsyn en welvaart te bevorder.
- Dit geld uiteraard aardse besittings, sowel as geestelike besittings. Met ander woorde, ons mag in geen opsig onverskillig staan teenoor die eiendom van my naaste nie.

God handhaaf die eiendomsreg.

- Daarom verbied Hy my om my naaste se goed te steel.
- En gebied Hy my met dieselfde gebod om my naaste se besittings te respekteer en te eerbiedig.

2. Hoe verkry ek my besittings?

Die gebod stel die saak van die begin af in een opsig duidelik: jy ontvang of verwerf besittings nie deur te steel nie!

As jy steel, wis jy die grense uit wat God daargestel het.

- Dan breek ons die orde af wat God voorskryf.
- Ons kom in opstand teen God se gesag.

Onregmatige neem van besittings is 'n vergryp aan God se wet.

- Dan eien jy vir jouself besittings toe wat God nie vir jou bestem het nie.
- Met so 'n daad betoon jy minagting vir God se raad, want jy is ontevrede met die Here se beskikking oor jou.
- Jy wil 'n ander se deel in besit neem.

Verder word diefstal verbied omdat dit gewoonlik 'n produk is van geweld – en van lis.

- Die verbod stel dit dus ook duidelik dat ek nie besittings bekom deur ander te na te kom nie, en ook nie deur geweld op ander toe te pas nie.
- Want in daardie gevalle oortree jy meer as net een gebod met die diefstal wat jy pleeg.
 - Dink maar daaraan hoeveel keer diefstal gepaard gaan met moord.

Maar diefstal het ook ontwikkel.

- In ons tyd is daar al baie maniere van steel waarmee ons onself regverdig.
- Ons het die sonde al so ontwikkel dat daar vorme van diefstal is waarmee ons by die owerheid verbykom – maar die oortreding sal by die Here bly.

Die Kategismus sny al dié dinge aan.

- Enige vorm van oneerlike handeldryf is diefstal – ons maak dit soms maklik af deur te sê dat besigheid besigheid is.
- So 'n uitspraak regverdig nog nie jou ongeregtheid nie.

Die Kategismus noem ook nog valse munt of gewig. Dis ook maar weer 'n vorm van oneerlikheid.

- Dit is dinge soos, byvoorbeeld, om 'n voorwerp te verkoop teen 'n valse gewig, of dit van die hand te sit vir 'n prys wat dit nie werd is nie. Dis oneerlik. Dis diefstal.
- Dit is 'n kwaal wat nie tot jou reinheid bydra nie, want daar staan in Miga 6:11 geskryf:

Sal Ek rein kan wees by 'n valse weegskaal en by 'n sak vol bedrieglike gewigte? (Miga 6:11 AFR1953)

Al sou die owerheid my dalk nie straf as ek bedrog pleeg met geld en gewig nie, God sal my straf.

Diefstal is ook as ons mense in diens het maar hulle nie na reg vergoed vir die arbeid wat hulle lewer nie.

- Ons besteel sulke mense, want die Here skryf in die Bybel dat 'n arbeider sy loon waardig is.
- Wanneer jy enige skepsel van God dit ontnem, oortree jy die agste gebod.

As ons dan nie op een van hierdie maniere ons besittings mag verkry nie, hoe bekom ons dit dan?

- Deur te werk. Dit is die weg wat God daarstel.
- Vir Adam word gesê dat hy in die sweet van sy aangesig sy brood sal eet.
- As ons werk, soos God beveel, dan beloon Hy ons arbeid deur ons onder andere met besittings te versorg.

Maar daar is ook diefstal in ons daaglikse werk moontlik.

- Ons kan steel deur lyf weg te steek – deur nie die volle dienste te lewer wat van ons verwag word nie.
- Maar ons ontvang 'n volle vergoeding.

Wat van geestelike diefstal?

- Ons het ook geestelike besittings van God ontvang.
- Dit is diefstal as jy hierdie gawes nie ontplooi nie. Dit is presies soos die gelykenis van die talente. Daar is van elke slaaf rekenskap gevra.

God het aan Salomo gevra wat Hy aan hom moet gee – wysheid of rykdom.

- Salomo het gekies vir wysheid.
- Dit is net om te bewys dat selfs verstand tog 'n besitting is, wat dieselfde behandeling verdien as jou materiële belange.

3. Hoe moet ons al ons besittings gebruik?

Soos wat God wil hê ons moet. Alles wat ons het, moet tot die grootste nut vir God en sy koninkryk aangewend word.

- Die leuse van die Nuwe-Testamentiese gemeentes was altyd: ons besittings behoort aan die Here.
- Volgens hierdie leuse gun ons ons naaste wat hy moet hê.
- Die Here het hom as bestuurder daarvan aangestel, soos wat ek met volle verantwoordelikheid die deel van God se besit moet bestuur waarvoor ek aangestel is.

Die krag van die Here Jesus Christus se kruisverdienste is juis dat ek die volle verantwoordelikheid van hierdie verbod kan nakom.

- Enersyds sterf Hy sodat ek soveel seën van die Vader kry dat ek nie hoef te steel nie, want deel van hierdie seën is ook materiële seëninge.
- Andersyds dat ek as besit die gawe ontvang om God en my naaste se eiendom te respekteer en te beskerm.
- Sodoende is my besittings en my verantwoordelikheid die simbool van die ewige besit wat ons het in God se koninkryk. Die ewige lewe.
- Dit kan deur niks of niemand van ons af weggeroof word nie.

Kom ons lees wat ons belydenis (Heidelbergse Kategismus Sondag 42) van die agste gebod sê.

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).

(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.

Vraag 111: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil he dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).

(a) Matt 7:12. (b) Ef 4:28.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 143:2, 9 (p. 688)

- 2 Ag, reken met u kneg nie af nie, / en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan, / kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.
- 9 Laat hier u guns my nooit begewe; / skenk om U selfs wil my die lewe!
En laat my siel weer wees verblyd, / van sy benoudheid wees onthewe.
Ek pleit op u geregtigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 1 November 2009